## Die korrekte beoefening van naasteliefde

**97** (Die Meester:) "Maar nou sien Ek by sommiges van julle `n bose gedagte opkom, wat die Satan julle heimlik ingefluister het! Dié gedagte bestaan daaruit: Dit het julle moeite en baie werk gekos om rykdom vir julle en julle nakomelinge te verwerf en dit moet julle nou verspil op hulle wat hulle lewe op `n luie wyse uitgeleef het?! Laat hulle werk en by julle hulle brood verdien, wat julle hulle volgens verdienste maar altyd karig sou wou gee! Wie nie kan en wil werk nie, moet krepeer soos `n hond langs `n openbare pad!

[2] O, Ek sê vir julle, dit is `n slegte gedagte wat julle ingegee word! Hoe moet `n blinde werk? En tog is hy julle broer, wat dieselfde reg het om te lewe as julle wat kan sien en hoor en gesond van lyf en ledemate is. Hoe moet arme grysaards en swak kinders van verarmde ouers werk, wat nie die nodige krag daarvoor het nie? Hoe moet lammes en kreupeles werk vir loon, wat julle nog so karig moontlik wil uitmeet?

[3] Hoe moet dié mense werk wat van dag tot dag werk soek en niks kry nie? Want die een by wie hulle kom, stuur hulle weg met die mededeling dat hy nou geen werk vir hulle het nie. En tog is dit julle bose gedagte wat hom aangespoor het om werk te soek wat hy êrens anders ewemin as by julle kan kry. Dié man word uiteindelik `n bedelaar; oor hom praat jy dan met veragting en jy noem hom `n lui dagdief. `n Ander word `n dief, hom vang jy soos `n verskeurende dier, jy mishandel hom en gooi hom dan in `n kerker. `n Derde word selfs `n roofmoordenaar of minstens `n gevreesde straatrower. As julle hom gevang het, word hy veroordeel, in `n kerker gegooi en `n kort tydjie daarna op pynlike wyse gedood.

[4] Kyk, dit is merendeels die gevolge van julle bose gedagtes, wat die vors van die duisternis julle altyd baie heimlik ingefluister het. Maar van nou af aan sal dit nie meer so wees nie! Dié gedagtes is van die hel - en in julle harte moet dit nooit weer opwel nie.

[5] Daar word nie verlang dat julle al julle besittings onder die armes verdeel omdat julle My volgelinge is nie; maar julle moet wyse beheerders wees van die besit wat aan julle toevertrou is, sodat julle hulle, wat buite hulle skuld arm is, nie laat honger en dors ly as hulle voor julle deur staan nie!

[6] Kyk maar eers hier na vriend Ebahl uit Genésaret! Hy het vandat hy herbergier is, duisende armes uit sy eie streek, maar ook wildvreemdes, onderdak gegee, en nooit met teensin of met `n soort besorgdheid vir dit wat syne is nie - en tog het sy besit nie verminder nie! Inteendeel, hy besit nou soveel en sulke groot aardse skatte dat hy vir hom `n groot koninkryk daarmee sou kon koop; maar hy heg maar net waarde aan al hierdie skatte omdat hy daardeur beter in die geleentheid gestel is om nog meer armes kragtig te kan ondersteun. Hy dink nie aan sy besittings nie, en vir sy kinders vind hy dit slegs belangrik dat hulle almal sterk en kragtig in die kennis van die enige en ware Elohim word; in plek daarvan sorg Ek dan vir al die ander in sy huishouding, en Ek staan daarvoor in dat sy huis nooit aan iets gebrek sal ly nie!

[7] Maar angstiges laat Ek self sorg vir hulle huis, en hulle skure oorlaai ek nooit met koring en graan en hulle wynpers sal nie oorvloei van wyn nie. Hulle vrugtebome sal nie oorvloedig dra deur my ryke seën en hulle vywers (dammetjies) sal nie so baie oorlaai word deur die te groot aantalle edel visse, en hulle kuddes sal nie die vetste in die land wees nie! Want, die een diens is die ander werd - en verwag nêrens dat jy `n te groot wins vergader nie! Wie met min vertroue op My bou, sal ook oes soos wat hy vertrou! Ek sal elkeen gee volgens sy vertroue en volgens sy geloof, wat altyd `n vrug is van die liefde tot My en die naaste.

[8] Wees daarom altyd en steeds barmhartig, en dan sal julle by My ook altyd barmhartigheid vind! Soos wat julle julleself sal gedra teenoor die arm broers en susters, so sal Ek My ook teenoor julle gedra. Ek sê en raai julle almal aan: ‘Staan altyd vir mekaar gereed, oortref mekaar met goeddoen, het mekaar waaragtig lief, soos wat Ek julle ook liefhet, dan sal julle die hele wêreld wys dat julle waarlik My leerlinge is en in julle gees My volkome ware kinders is.

[9] Die bestemming van al My kinders is dat hulle hulleself hier op aarde voortdurend sal oefen in die toekomstige groot werke in My hemele; want daar sal alles enkel en alleen deur die liefde gedoen word; en elke wysheid wat nie uit die vlammelig van die liefde sal voortkom nie, sal in My hemele nooit of te nimmer opgeneem word en daarom ook niks te doen kry nie!"

## Die gee van geldelike hulp

**98** (Die Meester:) "Wie van julle baie geld het, moet dit nie altyd uitleen aan hulle wat hom die kapitaal met hoë woekerrente op die afgesproke tyd kan terugbetaal nie, maar ook aan armes wat hom nóg die kapitaal nóg die rente sal kan teruggee, dan sal hy sy geld van My te goede hê en Ek sal hom reeds hier tienvoudig en in die hiernamaals honderdvoudige kapitaal en rente terugbetaal. Wie egter sy geld maar net aan hulle leen wat hom op die vasgestelde tyd kapitaal en rente moet terugbetaal of in bepaalde gevalle deur geregtelike dwang moet terugbetaal, hy het sy loon hier reeds heeltemal geneem en het dit nie meer van My te verwagte nie; want hy het daardeur nie My nie, maar slegs die wêreld en homself gedien.

[2] Julle sal weliswaar sê: 'As `n mens iemand wat in die nood sit geld teen rente uitleen, dan is dit tog ook

`n goeie daad; die lener het hom daardeur uit die nood gered, het `n ryk man geword en kan dan immers baie maklik die kapitaal en rente teruggee! Want die geldskieter het tog die risiko geloop om sy geld, in geval van `n ongunstige spekulasie, te verloor! Maar as die lener voordeel daarvan geniet het, dan kan geen Elohim met al Sy Wysheid tog daarop teë wees as hy, die lener, aan die geldskieter die kapitaal insluitende die afgesproke rente terugbetaal nie! Want die geldskieter is ten eerste ook `n mens, ten opsigte van wie `n ander dieselfde verpligtinge het as hy teenoor hom, en ten tweede kan die uitgeleende geld immers die hele besit van die geldgewer uitmaak, waarvan hy moet lewe soos die landman van sy grond en lande! As die geldgewer homself egter die geleende geld, ewenas die rente daarvoor, nie laat terugbetaal nie, waarvan moet hy dan lewe? Of het die lener ook maar tot in die verste verte die reg om die geleende geld te hou, terwyl hy daarmee tog baie verdien het en goed kan en moet weet dat dit die enigste besit van die vriendelike geldgewer was?!

[3] Daaroor sê Ek: Elkeen wat geld het, moet, as daar `n vriend kom wat geld nodig het en om `n lening vra, dit nie weier nie. Wie hom die geld leen teen die wetlike rente, het aan hom reeds `n goeie daad gedoen, wat ook in die hemel gewaardeer sal word. Maar presies so is dit die plig van die lener om die geldgewer nie net gewetensvol die geleende, saam met die bedonge rente, terug te betaal nie, maar nog meer; as hy baie verdien het, moet hy ook uit eie vrye, innerlike behoefte die wins met die geldlener deel, omdat hy immers slegs met sy geld die wins gemaak het. Maar die geldlener moet dit nie op een of ander wyse eis nie! Dit kan julle almal in alle vriendelikheid doen, maar daarvoor hoef julle die ander nie volledig na te laat nie!

[4] As daar egter, by die een wat geld kan uitleen,`n baie arm man aankom, van wie nie te verwag is dat hy van `n groot geleende som gunstig en voordelig gebruik sou kon of wou maak nie, dan word wat My aanbetref geen mens verplig om aan so `n arme die geld te leen wat deur hom gevra word nie, omdat hy op hierdie wyse moedswillig sy geld, sonder dat dit iemand werklik tot nut sou wees, in `n sekere sin sou weggegooi word en die arme geldlener slegs in `n situasie sou bring waardeur hy geneig sou wees om hom aan allerlei oorbodige uitspattighede oor te gee, waar hy afhanklik van sy aard, dan ook aan sou moes toegee. So `n handelswyse sou daarom nie besonder goed nie, maar veel eerder, hoewel nie bepaald sleg, tog baie dom genoem kan word - wat nóg My Liefde en nóg minder My Wysheid sou kon beval.

[5] Ag, `n heel ander saak sou dit wees as daar `n arm man geld van julle sou wou leen terwyl julle weet dat hy goed weet hoe om met geld om te gaan en slegs deur `n ongunstige sameloop van omstandighede arm geword het. Aan hom moet julle dit veral nie weier nie, ook sonder rente en sonder die sekerheid om die geleende kapitaal ooit weer terug te kry! As die man die geld goed gebruik het, sal hy as julle broer ook wel weet wat hy daarna te doen het; want hy het dieselfde verpligtinge teenoor julle as julle teenoor hom.

[6] As hy egter nie meer in staat sou wees om die geleende terug te gee nie, dan moet julle nie vir hom daaroor kwaad word of die goedmaking van sy nakomelinge probeer eis nie; want dit sou hard wees en heeltemal teen My orde. As die nakomelinge en veral die kinders of die oudste kleinkinders vermoënd geword het, en hulle dit sou goedmaak, sal dit vir My aangenaam wees as hulle die skuld sal aflos wat hulle arme vader of grootvader by `n mensevriend gemaak het. In so `n geval sal die mensevriend dan ook wel weet wat hy met daardie geld uit liefde tot My en die naaste sal moet doen!

[7] As Ek dus sê dat julle julle geld ook moet leen aan hulle wat dit nie vir julle kan teruggee nie, wil Ek maar net daarmee sê dat julle met julle geld of ander goed maar net so moet handel soos wat Ek julle nou laat sien het; alles wat julle minder of meer sou doen, sou óf dom óf baie moedswillig wees, en dus `n growwe sonde teen die ware naasteliefde!"